



# Potchefstroomse Christelike Onderwysvereniging

✉ Posbus 19949, Noordbrug, 2522    ☎ 018-294 4800  
Hoek van: Molen- en Esselenstraat, Potchefstroom

2018-06-13

## Nuusbrief 2018-02

Sedert ons vorige nuusbrief het daar baie gebeur. Ons gee graag inligting deur aan ons lede en ook ouers van die skool. Sommige van die nuus is intussen reeds aan ouers meegedeel in die gereelde omsendskrywes wat die skoolhoof aan ouers uitstuur.

### Personeel

**Mev. Annalien Kroon** het vroeg in die jaar by ons aangesluit. Sy is hoofsaaklik vir die tale verantwoordelik. Baie dankie vir die groot bydrae wat sy gelewer het.

**Mev. Amor Boersema** neem vanjaar verantwoordelikheid vir die Grondslagfase (Graad 1 tot 3). Sy is tans ook besig met onderwysstudie. Ook hartlik dank vir alles wat sy vanjaar al by die skool gedoen het.

**Mev. Esmari Potgieter** het tot April verantwoordelikheid vir onder andere Engels en Tswana geneem. Sy is sedert Mei weer terug by ons op deeltydse basis vir onder andere die Wiskunde. Ons is dankbaar dat sy haar weg oopgesien het ten spyte van moeilike omstandighede.

Ons het in Mei afskeid geneem van **Mev. Ronel Viljoen**. Sedertdien het **Mnr. Frans Coetzee** ons op deeltydse basis as onderwyser gehelp. Hy is reeds 'n ou bekende wat in 2017 by die naskoolsentrum gehelp het.

Dankie ook aan **Mnr. Dolf Claassen** wat vir ons help met sport gedurende sommige van die pouses.

### Umalusi

Die langverwagte besoek van Umalusi, die nasionale akkreditasieliggaam, het op 4 Mei plaasgevind. 'n Span van drie onderwyskenners het ons besoek.

Vooraf is baie hard gewerk om alles gereed te kry. Onderwysers se dokumentasie moes reg wees, die Beheerraad se notules en beleide moes op datum wees en die gebou moes netjies gemaak word. Die skoolhoof, Juf. Magda het besonder moeite gedoen en soms nagte feitlik sonder slaap gegaan. Die personeel en verskeie ouers het haar hierin ondersteun en ook baie hard gewerk.

Ons is tevrede met die besoek en verwag dat ons 'n positiewe evaluering sal kry. Baie dankie aan almal wat daarvan 'n sukses gemaak het.

### Nuwe leerders

Aan die begin van die jaar het ons twee nuwe leerders bygekry. Welkom aan **Jonathan en Michael Klynveld**.

### ICO-vergadering

Die skool is lid van die Instituut vir Christelike Onderwys, wat vanjaar weer gedurende die eerste skooldag van die derde kwartaal hulle vergadering in Pretoria hou.

Onthou dat daar die eerste dag nadat die ander skole in Julie open, nie skool is nie.

Die onderwysers en sommige van die Beheerraadslede woon hierdie belangrike vergadering by.

### Inligtingsvergadering

Die vereniging, in samewerking met Totius-Akademie, hou op **Donderdag, 14 Junie** 'n inligtingsvergadering oor Christelike Onderwys.

Ons wil die geleentheid gebruik om inligting deur te gee, maar ook om goeie bespreking te voer.

Ons het reeds aan ons lede en ouers kennisgewings van die vergadering uitgestuur. **Probeer dit asseblief bywoon.**

## Reklame en werwing

Die skool se Komitee vir Reklame en Werwing is tans besig om die skool aktief te bemark.

Die twee grootste struikelblokke wat oorkom moet word, is verkeerde persepsies oor die skool en die feit dat baie van Potchefstroom se inwoners glad nie van die skool bewus is nie.

Die **webwerf** van die skool word tans heeltemal nuut ontwerp deur 'n professionele span. Die **Facebook-blad** van die skool word aktief bedryf. Daar is reeds by die kleuterskole **pamflette** uitgegee. Die **inligtingsvergadering** van 14 Junie sal opgevolg word met soortgelyke byeenkomste.

Die skool se strategie is dat ons vir 2019 veral leerders van die Grondslagfase (Graad 1 tot 3) werf, sodat die skool jaarliks 'van onder af' met een of meer klasse groei. Terselfdertyd wil ons ons huidige kapasiteit behou ten opsigte van Graad 4 tot 7. Nuwe leerders kan ook vir hierdie grade inskryf.

**U kan as ouer of PCO-lid die skool help bemark:**

- Praat asseblief met vriende en kennisse wat voorskoolse en laerskoolkinders het oor Totius-Akademie.
- Gaan op Facebook en merk berigte oor Totius-Akademie ("Like" of "Hou van"). Doen dit dikwels. Dit help dat die skool prominent vertoon as ander mense op Facebook inteken.



## Fondswerwing

Die skool pak vanjaar nie spesifieke Fondsinsamelingsprojekte aan nie, buiten tydens Aardklop. Die rede daarvoor is dat

verskeie dringende sake soos Umalusi en die herstel van die skoolgebou alle beskikbare tyd en aandag in beslag neem. Ons het tans ook min leerders, en dus ook min ouers wat kan help.

Ouers kan egter wel help om vir ons borge te wer of kan self geld skenk. Daar mag besighede wees wat geld kan skenk waarmee u ons in aanraking kan bring.

Fondse wat so bekom word, sal veral gebruik kan word vir:

- Ons reklame en werwing;
- Verdere opknapping van die skool (wat 'n historiese gedenkwaardigheid is)
- Beurse vir verdienstelike leerder vir 2019.

## Onderwysvereniging

Die vereniging se jaarvergadering het op 14 Februarie 2018 plaasgevind, waartydens jaarverslae gelewer is en 'n nuwe Bestuur verkies is. Die Bestuur tree ook op as Beheerraad van Totius-Akademie. Op 27 Maart 2018 is die vereniging se nuwe Grondwet goedgekeur, wat onder andere 'n naamsverandering behels het. Een bykomende lid van die Beheerraad is na die verkiesing gekoöpteer.

Die Bestuur/Beheerraad lyk nou soos volg:

Voorsitter:	Paul Krüger
Ondervoorsitter:	Wynand Putter
Sekretaresse:	Frieda Theron
Tessouriere:	Gene Claassen
Addisionele lede:	Jorrie Jordaan Lomus Smit

## Prospektus

Die skool se Prospektus is 'n dokument wat gereeld hersien word en wat die skool aan voornemende ouers/leerders bekendstel.

Ontvang saam met hierdie nuusbrieff 'n elektroniese weergawe van ons jongste prospektus.

Daar is ook hardekopieë beskikbaar wat vir leerderwerwing gebruik kan word.